

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Bind, Ontbind

Dit bly aangrypend om die woorde te hoor. Op elke sinode sê ons dit - dat ons almal wat dieselfde dierbare geloof deel, hartlik uitnooi om een met ons te wees. Dit is seker maklik om op te staan, maar dit kos heelwat geloofsgehoorsaamheid om dit te doen. Ons is en moet ernstig wees oor kerkeenheid. Jesus Christus vergader vir Homself 'n kerk. Ons is deel daarvan. Sy Heilige Gees het ons geloof gegee. Ons mag ons geloof nie gebruik om te verdeel nie. Geloof wat gedeel word verenig juis die kerk. Dié eenheid wat ons in die Heilige Gees het, moet ons bewaar. Ons mag dit nooit misties opvat met die verskoning dat die liggaam van Christus onsigbaar is nie. Met 'n klassisvergadering sien ons byvoorbeeld hoe ander kerke ontstaan wat dieselfde geloof as ons het. Die kerk se eenheid is sigbaar.

Deel of verdeel

Wanneer word geloof gebruik om die kerk te verdeel? Wanneer verklaring na interpretasie beweeg. Wanneer geloof nie meer as gawe van God gesien word nie, maar gesien word as 'n saampraat met God. Dan word geloof en belydenis van geloof nie meer bindend geag nie, want geloofsinterpretasie is onderhewig aan die verandering van die tyd.

Gedeelde geloof moet bindend wees. Een van twee is waar:

- óf Christus vergader sy kerk - dit bely ons; ons is kerk van die Here
- óf Christus gee nie om dat ek 'n klompie mense met dieselfde interpretasie bymekaar maak om 'n kerk vir die Here te wees nie.

In die eerste geval is die geloofsbelydenis *bindend* - daardeur kom die kerkeenheid na vore. By die tweede is die geloofsbelydenis slegs tydelike interpretasie en werk *ontbinding* van die kerk in die hand.

Ekumeniese strew

Wie ook al dieselfde dierbare geloof met ons deel, moet deel van ons wees - ook al is hulle huidig in ander historiese kerkverbande. Anders is Christus verdeel. Anders werk sy eie Gees skeiding in die hand. Anders werk ons teen Jesus Christus se hoëpriesterlike gebed. Om dié rede het die redaksie besluit om medewerkers uit ander kerkverbande te kry, wat nie maar net dieselfde belydenis as ons het nie, maar dit ook handhaaf - nie maar formeel nie, maar in hart en niere. Artikels wat byvoorbeeld van lidmate van die NG Kerk geplaas word wil hierdie ekumeniese strew dien. Nie

kunsmatig nie. Nie per konvent nie, maar op grond van ons eie uitnodiging en toenadering van hulle kant. Die implikasies daarvan neem ons ernstig op, want daar is ongereformeerdes binne die GKSA en gereformeerdes buite die GKSA.

Laat daar geen misverstand wees nie. Hierdie is geen maklike pad nie. Die wrakke lê die geskiedenis vol. Mensgemaakte eenheid is nagmaakte eenheid. Dit is oneg en gaan nie hou nie. Christus vergader sy kerk. Hy bewerk die eenheid. 'Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof' (Efesiërs 4:4-5). Is dit ons begeerte om werklik een te wees met almal wat dieselfde dierbare geloof deel? Die kerk is tans nie een nie, maar in brokstukke verdeel. Dit is nie van God nie. Dit is menslike sonde. Wie die verdeelde geloof betreur weet dit gaan ook trane kos om gedeelde geloof te beleef. 'Die wat met trane saai, sal met gejubel maai' (Psalm 126:5).

ALAB

INHOUD

- | | | |
|--|--|--|
| 1 Redaksioneel
Bind, Ontbind | 5 Op die kerkerf
Die status van 'n kerkekonferensie
<i>Ds HLJ Momberg</i> | 10 In die koninkryk
Christus se gebed en gebod oor die eenheid van die kerk
<i>Dr JG Meijer</i> |
| 2 Skrifoorndenking
Dankbaarheidslewe van 'n nuwe mens
<i>Ds SJMS Smit</i> | 7 Aktueel
Evaluering van die Belharbelydenis (1)
<i>Ds T Danzfuss</i> | 11 Persskou
'n Nuwe sinode
<i>Ds GJ Meijer</i> |
| 3 Fokus
Hoe word die nagmaal heilig gehou
<i>Ds E Kayayan</i> | | |

Dankbaarheidslewe van 'n nuwe mens

Kolossense 2:4-15; Kolossense 3:1-17; Heidelbergse Kategismus Sondag 33

Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is

Uit die laaste vraag van Sondag 32 Heidelbergse Kategismus blyk dit duidelik dat 'n ondankbare lewe op 'n on-salige einde afstuur. As iemand in 'n goddelose, ondankbare lewe volhard en hom nie tot God bekeer nie, kan so iemand nie salig word nie. Die pad uit die groef van 'n ondankbare lewe is: bekering.

Ons hoor soms dat iemand praat van 'n 'wortel-bekering', bedoelende daarmee die daad van 'jou oorgee aan God'. Die daad waarmee 'n heiden die saligheid kan verkry. Die daad van 'jou hartjie vir Jesus gee'.

Ons belydenis praat glad nie in dié terme van bekering nie. Die belydenis praat oor die 'ware bekering'. Ons belydenis oor 'bekering' staan nie in die tweede hoofdeel van die kategismus, die deel wat handel oor 'hoe ek van my sonde en ellende verlos kan word nie', maar in die derde hoofdeel wat handel oor 'hoe ek God vir die verlossing dankbaar moet wees'.

Bekering is nie saligwordingswerk nie – dit is die dankbaarheidswerk van 'n 'saliggemaakte'.

As ons besef dat bekering in die derde deel van die Heidelbergse Kategismus staan, dan moet ons Sondag 32 dadelik weer in gedagtenis roep: hoekom moet ons of sou ons enigsins nog goeie werk doen?

- Omdat Christus my, nadat Hy my met sy bloed gekoop het, my ook deur sy Heilige Gees vernuwe.
- Omdat Christus, nadat Hy my met sy bloed geregtig het, my ook met sy Heilige Gees heilig maak.

- Omdat Christus deur sy Heilige Gees in my werk.

Bekering, as dankbaarheidswerk, is die werk van Jesus Christus deur sy Heilige Gees, nadat Hy my met sy kruisoffer en bloed geregtig het – iets waaraan ek alleen deel kry deur die ware geloof wat God my skenk.

Ons sien die 'struktuur' ook in Kolossense. Kolossense 3 sluit by Kolossense 2 aan. Die tema word ook in Romeine 6 deur Paulus behandel. Die gedoopte gelowige word deur die sakrament van die doop verseker dat hy deur die doop, in die dood van Christus gedoop is. Hy het deel aan die dood van Christus, in so mate dat dit is asof hy self aan die kruis vir sy sonde betaal het. Christus se kruisoffer is sy kruisoffer, Christus se bloedstorting is sy bloedstorting kragtens die belofte van God, gekoppel aan die sakrament van die doop.

Paulus voeg in Romeine by dat die gelowige, deur die doop, ook deel kry aan die begraving van Jesus. Deur deel te kry aan die dood en begraving van Christus, deur die geloof, is die gelowige nou dood vir die sonde. Jy mag nie meer sonde doen nie.

Hierby sluit Kolossense 3 aan: deur die geloof het die gelowige ook deel aan die opstanding van Christus. Hy het opgestaan, nadat Hy ons sondeskuld betaal het; opgestaan om te lewe, as mens, in die volheid van die sin van die woord. Lewe – 'n God-verheerlikende lewe.

'As julle saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit'. Ons lewe is op pad na 'n heerlijkheid wat ons in Christus het - hoe langer hoe meer gelykvormig aan sy beeld, totdat ons in die hiernamaals volmaaktheid as doel sal bereik.

Eers die regverdigmaking deur die geloof in Christus – deel aan sy offer, sy bloed, sy dood, sy opstanding.

Dan 'n opstandingslewe – 'n lewe wat mik en streef na die volmaaktheid.

Hierdie opstandingslewe is die werk van die Heilige Gees. Ware bekering bestaan uit twee dele: afsterwing van die ou mens en opstanding van die nuwe mens. Altwee is die werk van die Gees - afsterwing van die ou mens sowel as opstanding van die nuwe mens.

Wat is afsterwing van die ou mens?

- Berou oor die sonde - berou, tranes dat ek God met my sonde vertoorn het.
- Haat van die sonde - haat my sondige aard, walg daarvan.
- Wegvlug van die sonde - vermy dit; doen elke moontlike ding om nie in versoeking te kom nie; as jou oog jou laat struikel, ruk hom uit, kap af, gooi weg.

Wat ons in Kolossense 3:5 opval, is dat die afsterwingsproses wat hier beskryf word, nie 'n passiewe sterwe is waarvoor ek maar wag totdat dit kom as dit sal kom nie. Die opdrag is aktief. 'Maak dood julle lede wat op die aarde is'.

Die doodmaak is stop, aflegging, ophou daarmee. Waarmee? Met die oortreding van die wet van God – liefdelose ondankbare lewe (verse 5-9). Jy moet daarmee ophou. Jy moet daarmee breek en dit vervang met 'n Gees-gewerkte lewe: vrug van die Gees (verse 12-17).

Die opstanding van die nuwe mens behels 'n nuwe lewe, 'n nuwe lewenswandel, 'n dankbaarheidslewe volgens die Woord van God. 'Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en 'n liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (HK, antwoord 90).

Maak dood julle lede. Beklee julle met Christus. Sy bloed wat ons sondes bedek. Sy Gees wat ons hoe langer hoe meer vernuwe om aan

die beeld van die Seun van God gelykvormig te word, in ware kennis, geregtigheid en heiligheid. Stel jouself, as reeds verlose, in elke opsig van jou lewe onder die regering van die Gees van Christus.

Maak dood! Wat 'n stryd! Wat 'n opdrag! Die Heidelbergse Kategismus praat in Sondag 52 van die 'geestelike stryd'. Bekering is 'n lewenslange worstelstryd van val en opstaan, van veg teen die versoekings, van veg teen ons doodsvyande, die duiwel,

die wêreld en ons eie sondige natuur. Dit is 'n lewenslange hartlike berou oor die sonde, haat van die sonde, wegvlug van die sonde.

Hoe power is ons vlugpogings nie soms nie. Ons draf-draf weg, sodat ons gewetens gesus is dat ons probeer vlug het, maar word dan deur die sonde ingehaal en oorrampel.

Bekering. Daaglikse bekering. Moet dit nooit in eie krag probeer doen nie. Doen dit in die krag van die Heilige Gees. Doen dit in

die opstandingskrag van ons Here Jesus. Bekering as dankbaarheidslewe is werk van die Heilige Gees; die Gees van Christus. Moet dit nooit sonder Hom aanpak nie.

Terug na Heidelbergse Kategismus, vraag 32. Hoekom moet jy jou bekeer? Omdat Christus, nadat Hy my met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees die ou mens laat afsterf. Hy gee 'n hartlike vreugde in God, in my werk, en 'n lus en 'n liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.

FOKUS

Ds E Kayayan, Rietvallei

Hoe word die nagmaal heilig gehou

Toelating van lidmate tot die nagmaalstafel word op 'n gereelde basis deur ouderlinge in die gemeente gehanteer. Omdat die aard en omvang daarvan 'n prinsipiële saak is, waar die reg en regverdigheid van Christus ter sprake kom, is dit noodsaaklik om oor enkele beginsels te besin. Die kerklike tug is een van die instrumente waardeur die reg en regverdigheid van Christus aan die gemeente, deur die regeeramp van ouderling, bedien word. Dit is vir die welwese van die kerk van kardinale belang dat hierdie bediening ooreenkomstig die evangelie moet plaasvind.

Wat sê die nagmaalsformulier?

Die nagmaalsformulier begin met 'n aanhaling uit 1 Korintiërs 11:23-29. In besonder kom dié woorde na vore: 'Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie'.

Paulus se waarskuwing om deeglik selfondersoek te doen (om homself te beproef) het te doen met die nodige onderskeiding wat elkeen moet hê rondom die aard van die nagmaal as feesmaal: dit gaan oor die liggaam van Jesus Christus wat vir die gelowiges gebreek en oor sy bloed wat vergiet is, alles ter wille van ons sondes. Dit is nie 'n gewone ete nie, soos sommige van die Korintiërs daarvan gemaak het nie. Hulle het ander lidmate as minderwaardig beskou deur nie vir hulle te wag voordat met die maaltyd begin is nie. Die nagmaal beklee 'n spesiale, heilige, karakter. Die volgende hoofstuk van Paulus se eerste brief aan die Korintiërs handel juis oor die aard van die liggaam van Christus met sy verskillende ledemate en gawes.

Toepassing van die nagmaalsformulier op die selfondersoek

Die nagmaalsformulier sit die gevolge van Paulus se leer op 'n mooi en duidelike wyse in die volgende drie paragrawe uiteen. Die volgende moet in elke gelowige se hart teenwoordig wees:

- Diep berou oor sy/haar sondes.

- Ware geloof in die volmaakte soenoffer van Christus aan die kruis en die toerekening daarvan aan gelowiges.
- Egte voorneme om van nou af, uit dankbaarheid volgens God se wet te wandel.

Die nagmaalsformulier gaan egter verder deur die noodsaaklikheid van hierdie heilige vertroostingshandeling te beklemtoon: ware selfondersoek beteken geensins dat slegs mense sonder sondes aan die nagmaal mag deelneem nie (eerstens bestaan daar nie sulke mense nie; tweedens, sou sulke mense wel bestaan, het hulle nie nodig gehad om aan die nagmaalstafel deel te neem nie). Die noodsaaklikheid om aan die nagmaalstafel deel te hê spruit voort uit die feit dat 'ons ons lewe buite onself in Christus soek, en daarmee bely ons dat ons deur ons misdade dood is'. Die vertroosting word op die mooiste manier in die laaste sin uitgedruk: 'Waar ons egter deur die genade van die Heilige Gees oor sulke gebreke van harte berou het en opreg begeer om volgens al die gebooe van God te lewe, mag ons daarvan heeltemal seker wees dat geen sonde of swakheid wat teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat God ons in genade aanneem en hierdie

hemelse voedsel en drank waardig en deelagtig maak nie’.

Wie mag nie aan die nagmaal deelneem nie

Die gesindheid van gelowiges - hoe onvolmaak hulle geloof ook al mag wees, en hoe gebrekkig hulle lewe nog mag wees - moet onderskei word van ‘n reeks sondes en gesindhede waarin sekere mense volhard, en wat hulle as ongelowiges kenmerk. Die nagmaalsformulier gee ‘n lys hiervan en lê die klem op die feit dat Christus die nagmaal ‘alleen vir sy gelowiges ingestel het’. Dit is die verantwoordelikheid van die ouderlinge om aan die hand van hierdie enkele beginsels te onderskei - sover dit in hulle vermoë is - tussen mense wie se sondes en gesindhede tugwaardig is, wat Christus deur hulle lewenswandel openlik verwerp, en die gelowiges wat voortdurend oor hulle sondes berou het, en hulle lewe buite hulleself in Christus soek.

Die voorbeeld van die gekruisigde misdadiger

‘n Aangrypende voorbeeld is die misdadiger wat saam met Jesus gekruisig is, maar sy sondes erken het (Lukas 23:40-41) en Jesus Christus as sy Saligmaker bely het (vers 42). Op daardie oomblik maak Jesus hom deel van sy opstanding (die belofte van vers 43), ten spyte van die growwe sondes wat hierdie misdadiger gepleeg het; ook ten spyte van die verlatenheid wat hy van die kant van die mense beleef. Sy belydenis van sondes en sy geloof in Christus laat hom op die laaste oomblik van sy aardse lewe beweeg vanaf die tweede kategorie van sondaars (wat die ander misdadiger insluit) na die eerste kategorie (die gelowiges wat op grond van hulle belydenis gered word, wat die sondes ook al was wat hulle voorheen gepleeg het, al was dit gister). Hy neem eintlik deel aan die nagmaal. Deur die liggaam van Jesus, wat langs hom aan ‘n ander kruis hang, en sy bloed wat hy kan sien loop, is hy geestelik gevoed. Geen mens kan hom daarvan weerhou deur vir hom ‘n proeftydperk in te stel, of deur te wag dat die mense se persepsies oor hom verander het nie. In Christus se

soendood het God hom vergewe en geregtig.

Die bepaling van artikel 76 Kerkorde

Artikel 76 van die Kerkorde bepaal in watter omstandighede ‘n lidmaat onder tug geplaas mag word deur hom/haar van die sakrament van die nagmaal van die Here af te hou: ‘Diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp en ook die wat ‘n openbare of anders ‘n growwe sonde gedoen het’. Artikel 76 handel nie oor die persepsies van die gemeente teenoor iemand nie (daar bestaan ongelukkig dikwels persepsies in gemeentes, soms as gevolg van oortreding van die negende gebod). Dit handel oor die eintlike pleeg van ‘n openbare growwe sonde. Hier moet die bepalinge van die wet van die Here in ag geneem word: die aard van die openbare growwe sonde moet omskryf kan word, en daar moet twee of drie getuies wees om daarvan te kan getuig. Deuteronomium 19:15 stel dit so: ‘Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdaad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal ‘n saak van krag wees’. Hierdie bepaling word in die Nuwe Testament bevestig deur Jesus (Matteus 18:16) en Paulus (1 Timoteus 5:19), en moet dus in die kerk van Jesus Christus gehandhaaf word, met spesifieke inagneming van die negende gebod (Eksodus 23:1; Levitikus 19:11; Deuteronomium 19:16-20; Psalm 50:20; Psalm 101:5; Jeremia 9:5; vergelyk ook HK, Sondag 43).

Toepassing van die tug

Ooreenkomstig hierdie norme uit die Woord van God word die nagmaalstafel deur die ouderlinge rein gehou. Lidmate moet die vertroue hê dat die reg en regverdigheid van die Here Jesus Christus deur die regeeramp aan die gemeente bedien word, en hulle aan die oordeel van die ouderlinge oorlaat wat besondere gevalle betref. Enige ander werkswyse sal ontaard in ‘n verdraaiing van die regeeramp waardeur ouderlinge Christus se reg en regverdigheid met

menslike norme vervang (vergeelyk 1 Petrus 5:2-3).

Daar waar nog nie uitsluitel oor ‘n saak bestaan nie (in ooreenstemming met Deuteronomium 19:15), kan ouderlinge hoogstens ‘n lidmaat herinner aan die woorde oor selfondersoek in 1 Korintiërs 11:28-29 – dié woorde geld ook vir elke lidmaat. Die lees van die nagmaalsformulier dien terselfdertyd as waarskuwing in dié opsig. Daar bestaan egter geen Bybelse grond om van ‘n lidmaat te vra om homself vrywillig van die nagmaal te onthou nie, soos dit die praktyk in baie gemeentes geword het. So ‘n praktyk, wat bedoel is om die tug op ‘n ‘sagte’ manier toe te pas en ander lidmate rustig te hou, weerspreek die opdrag wat die Here aan sy kerk gegee het. Die sleutels van die koninkryk op aarde is aan die regeeramp toevertrou. Volgens Matteus 16:19 is ampsdraers nie gevra om hierdie sleutels aan iemand te gee en dan vir hom of haar te sê: ‘Hier is die sleutels, maar moet hulle asseblief nie gebruik nie’. Die kerk van die Here sluit oop of sluit toe, maar laat dit nie aan elkeen oor om te besluit of hy/sy graag toegesluit wil word of nie. Dit sou aanleiding daartoe kon gee dat mense hulleself vir ‘n lang tydperk van die nagmaal weerhou sonder dat daar enige Bybelse grond is om dit te doen, terwyl hulle die vertroosting van die sakrament intens begeer en deur die Here beveel word om dit te gebruik (Matteus 26:26-28). Veral in krisis-situasies soek gelowiges hul lewe juis buite hulleself. Niemand mag hulle gewete bind terwyl daar (nog) geen tasbare getuienis bestaan dat hulle van die nagmaalstafel weerhou moet word nie. Om iemand eksplisiet van die nagmaal te weerhou is om binne die raamwerk van die ban of afsnyding van ‘n lidmaat te beweeg (‘Daar is reeds verskeie kere bekend gemaak dat NN swaar gesondig het en daardeur ernstig aanstoot gegee het ... Met innige droefheid sny ons hom/haar af van die gemeenskap met Christus, van die heilige sakramente, ...’).

Die reinheid van die nagmaalviering

Dit is ewe belangrik om in te sien dat dit nie die perfekte reinheid van die

lidmate is wat die heiligheid van die nagmaal bepaal nie, maar alleen die perfekte versoeningswerk van Jesus Christus, wat deur die geloof aanvaar moet word. Gevolglik is toegang tot die nagmaalstafel nie 'n sertifikaat van goeie lewe wat ouderlinge aan lidmate toeken nie. Indien hierdie persepsie posvat, sou ons met die tipe selfregverdigheid te doen hê wat die Here in Lukas 18:9-14 skerp veroordeel (gelykenis van die Fariseër en die tollenaar). In dié verband moet 'n mens ook die gelykenis van die onkruid tussen die koring in ag neem (Matteus 13:24-30; kyk in besonder vers 29).

Oor ongegronde gewetensbesware van lidmate in dié opsig skryf Calvyn die volgende in die Institusie van die Christelike Godsdiens (deel IV, hoofstuk 1, paragraaf 15; in Afrikaans vertaal deur prof HW Simpson):

'Dit is egter een ding om gemeenskap met slegte mense te ontwyk, maar

'n ander om uit afkeer van hulle die gemeenskap met die kerk op te sê. Dat hulle reken dat dit heiligkennis is om die brood van die Here met hulle te deel, daarin is hulle baie onbuigsamer as Paulus. Want wanneer hy ons tot die heilige en suiwer deelname daarin aanspoor, eis hy nie dat die een die ander, of elkeen die hele kerk moet ondersoek nie maar dat elkeen homself moet ondersoek. As dit dan ongeoorloof sou wees om dit met iemand wat dit onwaardig is, te deel, sou Paulus beslis beveel het dat ons ondersoek moet instel of daar nie miskien iemand onder die gemeente is deur wie se onreinheid ons besmet kan word nie. Terwyl hy nou van elkeen afsonderlik vereis dat hy homself moet ondersoek, toon hy dat dit vir ons geen struikelblok is as mense wat dit onwaardig is, hulle aan ons opdring nie. En dit wat hy daarna byvoeg, het dieselfde strekking: "Iemand wat onwaardig

(die brood) eet, eet en drink 'n oordeel oor homself". Hy sê nie "oor ander" nie maar "oor homself". En tereg ook so; want wie dit mag ontvang en wie daarvan weerhou moet word, is nie iets wat aan die oordeel van elkeen afsonderlik onderworpe behoort te wees nie. Kennis van die ondersoek is die plig van die hele kerk en dit kan nie sonder wettige orde uitgeoefen word nie (...). Dit sal daarom onbillik wees dat iemand persoonlik deur die onwaardigheid van 'n ander besmet word wat hy nie van toetrede kan of behoort te weerhou nie.'

Ouderlinge, as toesighouers oor die nagmaal, het 'n opdrag van die Here ontvang. Hulle moet hierdie opdrag in alle erns uitvoer, met die norme wat die Skrif voorskryf, sodat die Here in die viering van die sakrament gehoorsaam en verheerlik word, en elke gelowige ook daardeur versterk kan word.

OP DIE KERKERF

Ds HJ Momborg, Pretoria

Die status van 'n kerkekonferensie

Op 5 Mei 2005 het meer as 300 lidmate van Gereformeerde Kerke en belangstellendes vanuit alle dele van Suid-Afrika en ook Namibië saamgekom om te besin oor die eintlike saak wat die Gereformeerde Kerke nou al vir baie jare in beroering het. Spesifieke besluite van Sinode 2003 van die GKSA het diepgaande en ernstige verontrusting in hierdie kerkegemeenskap veroorsaak. Bepaalde leidinggewende besluite, wat op skrifkritiese Skrifhantering neerkom, is geneem. Die verskillende wyses waarop daardie besluite in die kerke uitgevoer word, bring vrymoedige kerklike gemeenskap ernstig in gedrang. Die wyse waarop die kerkorde in hierdie sake by meerdere vergaderings toegepas word, kom daarop neer dat meer gesag verleen word aan mense se

besluite as aan die Woord van God. 'n Besondere skerp punt waar al hierdie sake bymekaar kom, is die gesag van Christus se woorde oor die Psalms. Ook die wyse waarop Christus met sy verbondsvolk in die nagmaal en liturgie gemeenskap wil beoefen en die wyse waarop Christus Homself in die ampsdiens by sy gemeente wil laat verteenwoordig, is in gedrang. Die gesag en die plek van Christus in die gemeentelike praktyke, soos wat dit toepaslik vir die geloofsluwe van die lidmate bedien word, kom nie tot sy reg nie.

Gehoorsaam buig

Sommige waarnemers merk tereg op dat ons hier nie met ligtelike sake te doen het nie. Die komende kerklike vergaderings sal daarom

moet verstaan dat daar geen manier kan wees om die uiteenlopende denkrigtings met mekaar te versoen nie. Daar kan nie verder op twee gedagtes gehink word nie:

- In een huishouding kan dit nie geldig wees dat liedere aanvaar word wat van die basisteorie uitgaan dat Christus nie oorspronklik en regstreeks deur die aandryf van sy Gees die bepalende inspirerende werklikheid daarvan was en waarin Hy van Homself spreek nie. Aan die ander kant is daar diegene wat sulke liedere op grond van die uitsprake van Christus self verwerp. Dit kan nie geldig wees dat sekere kerke uit die Afrikaanse geleedere daarvoor juig dat Christus se selfgetuienis uit die Psalms weggedig is en ander kerke die omdigte Psalms nie kan en

mag sing nie, omdat Christus daarin bygedink moet word.

- Eweneens kan dit nie geldig wees dat in sommige kerke Christus se ampsdiens in sy gemeente aanvaar word volgens die duidelike uitsprake wat Hy deur sy apostels vir die Nuwe Testamentiese kerke voorgeskryf het en ander kerke daardie uitsprake as tydgebonde beskou en dan maar doen wat hulle prakties dink vir vandag se omstandighede die beste is nie.

In die komende kerklike vergaderings sal daar dus keuses gemaak moet word.

Veroordeel

Daar is adviseurs wat hulle ongelukkigheid oor die uitroep van 'n kerkekonferensie hard en duidelik uitspreek. Die beswaar word gemaak dat dit nie die wyse is wat kerke afgespreek het om kerklike sake te behandel nie. Daar kan immers geen gesagvolle en bindende besluite op konferensies geneem word nie. 'Konferensies het geen kerkregtelike status nie' word betoog. Selfs diegene wat belang daarby het en dit sou wou bywoon, kan of mag dit nie doen nie. Hierby word dan duidelik die teenkant voorgelê: As dit 'n saak van kerklike belang is, mag dit alleen volgens KO artikel 30 op die één kerklike wyse behandel word, naamlik op die tersake kerklike vergaderings waar gesagvolle gesamentlike besluite daarvoor geneem kan word. Dus: tersaaklike kerklike vergaderings het die monopolie om oor kerklike sake te dink of te handel.

Veroordeling geweg

Daar is ernstige mistastings oor bogenoemde argumentasie. Verkeerdelik word konferensies daarvan beskuldig dat hulle die kerklike weg ignoreer. Dit moet in ag geneem word dat Sinode 2003 besluite geneem het wat vir verdere uitvoering aan die kerke opgelê is. Dit is egter jammer dat sekere kritiese besluite dubbelslagtig geneem is. Iets van 'n korporatiewe eenheid onder die kerke moes daardeur behoue bly, maar eintlik het dit die verwarring baie groter gemaak. Deur die normale bedieningspraktyke van plaaslike gemeentes het kerkrade

die taak om hierdie verwarrende besluite aan die lidmate voor te hou en uit te voer.

Bedieningspraktyke in die gemeentes betrek allerlei toerustingstake wat ampsdraers in die gemeente tot opbou van die gemeente verrig. Onder hierdie toerustingstake val die algemene en bekende take van prediking, kategetiese, huisbesoek en die inrigting van gemeentelike aktiwiteite soos die plaaslike kerkrade dit gebruiklik doen. Ook in die teologiese opleiding word normaalweg aan dié sake intensief aandag gegee.

Tog is daar ook ander spesiale maniere (instrumente) waarvan kerkrade, dosente en studente gebruik maak om hulleself en die lidmate vir hulle dienswerk toe te rus. Vir hierdie doel is daar ook verskeie aksies in gebruik waarvan verskillende kerkrade gesamentlik gebruik maak. Hieronder ressorteer uitgebreide jeugsorgprogramme, sustersaamtrekke, diakonale konferensies, kerklike publikasies, akademiese werkwinkels, teologiese studenteverenigings en so meer. Nie een van laasgenoemde aksies word as onordelik beskou nie, want kerkregtelik val dit onder die toerustingspraktyke van die plaaslike gemeentes met die doel om die amp van die gelowige te ontwikkel asook die stimulering van teologiese navorsing. Nie een van hierdie aksies maak aanspraak daarop dat hulle bindende besluite vir die kerke kan neem nie. Trouens, hierdie toerustingsgeleenthede dra daartoe by om kerkrade en lidmate bekwaam te maak in die beoordeling of bepaalde kerklike besluite uitgevoer moet word of om die aangewese kerklike weg daarmee te bewandel.

Ironie

Juis op hierdie punt bedreig die gevaar van sinodokrasie die kerke. Kerke word tot onmondigheid gedwing wanneer hulle verbied word om verdere toerusting oor sake van belang te ontvang. Dit bly 'n ironie. Waar toerustingsgeleenthede tot in besonderhede besig is om vanuit die Skrif aan te toon waarom bepaalde sinodebesluite deur 'n gees gedra word wat die gesag van Christus se woorde verontagsaam en daarom

ongeldig is, kan die veroordelaars van die toerustingsgeleenthede slegs aanvoer: 'Die sinode het besluit'. Die veroordelaars van toerustingsgeleenthede gaan selfs verder deur aan te voer dat by dié geleenthede kerkskeuring gepleeg word. Dit is 'n baie swaar veroordeling. Geen sonde kan sterker veroordeel word as die sonde van kerkskeuring nie (vergelyk Calvin Institusie 4.1).

Tog lyk dit asof hierdie veroordelaars met 'n ander begrip van kerk en kerkskeuring werk as die Bybel. In sy kort maar kragtige briefie het Judas in vers 11 drie voorbeelde uit die Ou Testament genoem waaraan die skeurmakers (vers 19) gelyk is: Kain, Bileam en Korag. Hierdie mense was tipiese Ou Testamentiese skeurmakers. Kain het doelbewus God se vermaning om oor die sonde te heers, verontagsaam en sy gelowige, gehoorsame broer uit jaloesie vermoor. Bileam het doelbewus, in stryd met God se verbondsafpraak met sy volk, die volk van God laat verlei tot hoerery en afgodery. Korag het doelbewus teen God se uitdruklike Woord in, teen God se ingestelde ampsdiens in opstand gekom en so die volk van gehoorsaamheid aan God weggeskeur.

Skeurmakers volg hulle eie begeertes en verlangens en het totaal geen gevoel vir die Woord van Gods Gees nie. Skeuring lê dáárin dat hulle geoorloof maak wat die Gees verbied en opsioneel maak wat die Gees beveel. Skeuring lê dáárin dat hulle hulself en andere van Christus af losskeur deur hulle van sy woorde af los te skeur. Dit is heeltemal iets anders as wat ons veroordelaars pla. Ons veroordelaars is daarvoor besorg dat die krimpemde korporatiewe getalle van die GKSA nog verder opgesplits sal word deur 'n al te strenge radikalisme. Die Here soek egter die ware eenheid van die kerk alleen in die egte gehoorsaamheid aan die woorde van Christus (Johannes 15, NGB artikel 29, vergelyk Calvin Institusie 4.2).

Roepstem

Dit was die roepstem wat vanuit die konferensie geklink het. Christus is die Rots waarop die kerk

onoorweldigbaar gebou word. In die profete van die Ou Testament het die Gees van Christus vooruit aangaande Homself getuig. Ons het geen reg om sy getuienis daaruit te verwyder en dit dan so deur die gemeentes te laat sing nie (Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?). In die samekoms van die gemeente wil Christus met die gemeente verkeer soos Hy met sy kerk van alle eeue

en in die hemele verkeer. Ons het nie die reg om daardie verkering met praktyke wat daarmee in stryd is te verdring nie (die tweede maal: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief?). In die kerkregering moet die Woord van Christus beslissend wees en die leiding gee. Ons het nie die (demokratiese) reg om aan ons

besluite meer mag toe te skryf as aan die Woord van God nie (die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy My lief?).

Voorgangers moet weet dat hulle gewete nie met sinodebesluite vervang kan word nie. Hulle moet self aan Christus, wat hulle geroep het, rekenskap gee oor hoe hulle oor die siele gewaak het wat aan hulle sorg toevertrou is (volg My).

AKTUEEL

Ds T Danzfuss, NG Kerk Witfield

Evaluering van die Belharbelydenis (1)

Belhar se wortels

In 1982 het die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke by hul vergadering in Ottawa die kwessie van apartheid in Suid-Afrika tot *status confessionis* verklaar. By dieselfde vergadering is 'n veldtog teen die NG Kerk en die Hervormde Kerk gevoer. Albei kerke is toe geskors. Om die spyker van die doodskis dieper in te slaan is dr Allan Boesak van die NG Sendingkerk tot hul nuwe president verkies.

Net daarna vergader die sinode van die destydse NG Sendingkerk by Belhar. Hierdie sinode was byna 'n replika van die vergadering by Ottawa. Die chaos was net veel groter en dr Boesak meer in die middelpunt van die twis. In die voetspoor van Ottawa verklaar die NG Sendingkerk toe ook 'n *status confessionis*. Hulle gaan nog verder en besluit om uit protes 'n nuwe belydenisskrif te skryf. Voorstelle dat daar eers met die NG Kerk gesprek moet wees, is verwerp. 'n Tydelike kommissie kry opdrag om voor die einde van die sitting 'n nuwe belydenisskrif te formuleer. Die resultaat is 'n protesskrif teen apartheid. Finale goedkeuring moes volgens kerkorde oorstaan tot die volgende sinode.

Binne die NG Kerk self sien ons 23 jaar se eierdans oor wat die kerk se

standpunt oor Belhar moet wees. Dit wissel in dié tyd van totale verwerping tot totale aanvaarding! In 1986 verwerp die Breë Moderatuur Belhar as 'n dokument met 'n onaanvaarbare horisontalistiese eksegese eie aan die teologie van die bevryding'. Vier jaar later hoor ons dat 'opsigselfgenome Belhar nie in stryd is met die Drie Formuliere van Eenheid nie'. In 2004 besluit die Algemene Sinode dat kerkvereniging so vinnig moontlik deurgevoer moet word en dat Belhar dan gelykwaardig met die Drie Formuliere van Eenheid as amptelike belydenis aanvaar moet word. Ironies genoeg besluit dieselfde sinode dat die 'aanvaarding van Belhar as belydenis opsioneel sal wees! Is aanvaarding van die Drie Formuliere ook nou vir die NG Kerk opsioneel?

Die verband tussen die beoordeling van Belhar en die politieke oortuigings van die dag is duidelik. Die invloed van die tydsgees op die NG Kerk se standpunt is onmiskenbaar. Geen ander kerk in die wêreld aanvaar Belhar as belydenisskrif nie. Die vraag is: Indien die NG Kerk voortgaan om Belhar as belydenis te aanvaar, hoe raak dit ons eenheid en verhouding met die ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika? Kan ons nog mekaar se lidmaatskap erken indien ons nie dieselfde belydenisskrifte aanvaar nie? Die Belharbelydenis bring dus die

eenheid tussen kerke van Gereformeerde belydenis in gedrang!

Jesus se woorde in Matteus 7:17-18 is belangrik by die evaluering van Belhar. 'So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie'. In hierdie artikel kyk ons slegs na die wortels van Belhar. In die volgende aflewering sal ons na sy vrugte kyk.

Ons hoor herhaaldelik hoe vergaderings van die NG Kerk verklaar dat die Belharbelydenis 'opsigselfgenome' nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie. So word Belhar los van sy wortels, historiese-, politieke agtergrond en teologiese konteks beoordeel. Bloot op die klank af word gevra: Wat is fout met hierdie belydenis? Intussen wag lidmate van die NG Kerk al meer as 20 jaar tevergeefs vir die Algemene Sinode om 'n deeglike studiestuk op te stel oor die historiese aanloop, konteks en teologiese inhoud van die Belharbelydenis. Daarsonder is 'n verantwoordelike evaluering onmoontlik.

In *Belhar: bely of bestry?* word die historiese agtergrond en teologiese inhoud van Belhar bespreek*. Daarin word ook op skokkende gebeure, voor en tydens die sinode, gewys. Ons noem slegs enkele faktore wat Belhar se inhoud bepaal het.

Protes teen apartheid

Die Belharbelydenis het nie, soos ons gereformeerde belydenisse, uit 'n teologiese worsteling met die Skrif gegroei nie, maar uit 'n politieke worsteling met apartheid. Hoewel die woord 'apartheid' nie in Belhar gebruik word nie, was die doel van Belhar om finaal en ongekwalifiseerd met apartheid af te reken. Dr Boesak stel dit duidelik as hy sê: 'Daaragter (Belhar 1986) lê 'n lang stryd teen apartheid'. 'n Blote sinodale besluit oor apartheid was nie genoeg nie. Dit moes volgens dr Boesak 'onherroeplik' in die vorm van 'n belydenis vasgelê word.

Die ontstaan van verskillende soorte apartheid

Verskillende vorme van 'apartheid' het vroeg reeds vanuit die praktiese kontakervaring tussen die verskillende volkere in Suid-Afrika spontaan ontwikkel. Die meeste betrokkenes het aanvaar dit is in die beste belang van almal.

- Dr Nico Smith toon in sy doktrale proefskrif dat daar 'n jaar na die aankoms van Jan van Riebeeck reeds 'n spontane skeiding tussen die nedersetters en inheemse bevolking ontstaan het. 'Hiervan getuig talle aanhalings uit die Dagregister van Van Riebeeck ... Hierdie kontakervaring het veroorsaak dat daar spoedig na die begin van die volksplanting reeds 'n spontane skeiding in die vorm van 'n natuurlike afsondering ontwikkel het.'

Hy kom dan tot die slotsom: 'In die voorafgaande bespreking is aangetoon dat die skeiding tussen Blank en nie-Blank op sosiaal-maatskaplike terrein in die Kaapse samelewing spoedig na die aanvang van die volksplanting reeds 'n aanvang geneem het'.

Hierdie spontane skeiding het eers later na die kerklike lewe deurgewerk. 'Wanneer dit soms gestel word as sou die Nederduitse Gereformeerde Kerk eers vanaf sy sinode in 1857 die praktyk van afsonderlike byeenkomste vir Blank en nie-Blank begin toepas het, is hierin 'n vergissing.' Prof Gerdener se navorsing bevestig dat daar

lank voor 1857 verskillende vorms van spontane skeiding op kerklike terrein was.

- Die NG Sendingkerk was self vir meer as 100 jaar 'n uitgesproke voorstander van afsonderlike kerke. Dit het nooit die eenheid van die kerk bedreig nie. In 1857 het die NG Kerk ter wille van beter verkondiging van die evangelie en eiesoortige behoeftes, toestemming gegee dat bruin mense afsonderlik mag vergader. Hierdie versoek het van die bruin mense self gekom (Nico Smith; HR Kotze; D Crafford; J Ernst; T Danzfuss).

Selfs die versoek tot stigting van 'n eie selfstandige NG Sendingkerk in 1881 het van die bruin gemeenskap en die sendingkommissie gekom. Met toestemming van die sinode is die NG Sendingkerk op 5 Oktober 1881 as selfstandige kerk gekonstitueer. Dit was nie 'n kerkskeuring nie, maar 'n inheemse kerkplanting in belang van die kleurlinggemeenskap.

Vir 100 jaar hierna was die NG Sendingkerk gelukkig om as eie selfstandige kerk te funksioneer. Hulle het in die tyd gefloreer en saam met die ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika die Drie Formuliere van Eenheid as die ware en volkome leer van die saligheid aanvaar. Kerklike notules getuig van 'n wonderlike gees van samewerking, liefde en eensgesindheid wat daar vir 100 jaar tussen die NG Kerk en die NG Sendingkerk geheers het.

Verskeie sinodale besluite bevestig dat afsonderlike kerkformasies ook die NG Sendingkerk se eie amptelike beleid was. Ons noem slegs een: 'Hierdie eerwaarde vergadering wil baie duidelik onderskei tussen apartheid enersyds en aan die anderkant *eiesoortige ontwikkeling op kerklike gebied soos dit al die jare in die NG Sendingkerk aanvaar is* ... Die hoogerwaarde Sinode (van die NG Sendingkerk) is daarvan oortuig dat elke bevolkingsgroep deur selfverweseningliking en selfontplooiing die beste bydrae kan lewer tot die liggaam van Christus op aarde' (Acta NG Sendingkerk Sinode soos aangehaal deur ds PJ

Booys in Die Ligdraer, 1/08/1982 (292-294).

- Ons moet verskillende soorte apartheid in daardie tyd onderskei.

Die Redakteur van die Ligdraer (amptelike blad van NG Sendingkerk) skryf in 1986 dat daar onderskei moet word tussen:

- Die skeiding wat deur blankes voorgestaan was in belang van die blankes.
- Die skeiding deur swartmense in belang van die swartman.
- Die skeiding wat deur blankes geïnisieer is hoofsaaklik ten bate van die swart- en bruinmense.

Hewson maak dieselfde onderskeiding. Dr JH Ernst onderskei in sy doktrale proefskrif tussen horisontale en vertikale apartheid. Selfs dr Ben Marais skryf dat afsonderlike kerke vir taal- of rassegroepe hom nog nooit gehinder het nie.

- Politieke agitators misbruik die situasie om spanning aan te blaas. Op 1 November 1982 skryf die Ligdraer: 'Al drie voer die besware teen apartheid terug na agitators' (Ligdraer, 01/11/82). In dieselfde tyd lees 'n hoofartikel van Die Burger: 'Soos die NGSK verklaar in sy brief aan die Eerste Minister, ... is die agitators besig om die apartheidsbeleid magtig teen die Moeder- en die Sendingkerk uit te buit'. Dr Boesak en ander sluit aan by die agitators.

Die rol van buite-instansies

Die massamedia het daarin geslaag om apartheid te brandmerk as die oorsaak van alle probleme in Suid-Afrika. Dit was 'n wêreldwye georkestreerde poging om Suid-Afrika op alle terreine te isoleer. Binnelands sowel as buitelandse organisasies na vore getree wat hulle beywer om apartheid uit te wis. Kerke, politieke groeperings saam met Marxistiese en Neo-Marxistiese agente vorm 'n verenigde front teen apartheid. Suid-Afrika word gelykgestel met die ou Hitler-bewind in Duitsland. Die Afrikaanse kerke word as die grootste sondebok gebrandmerk. Groepe soos die Wêreldraad van Kerke, Cottesloe Beraad, Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, Lutherse Wêreldfederasie,

Alliance of Black Reformed Christians in South Africa en die Belydende Kring het die tafel vir die Belhar-belydenis gedek.

Ottawa-1982: Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke

Die NG Sendingkerk se sinode in Belhar (1982) was 'n replika van dit wat 'n paar dae vroeër in Ottawa by die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke gebeur het. Beide vergaderings se notules lees soos 'n riller. Met verborge agendas en gekonkelde protesaksies is die NG Kerk en Hervormde Kerk ten aanskoue van die ganse wêreld melaats verklaar en geskors uit die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke. Hoe?

- Dr Boesak se toespraak teen apartheid waarin hy 'the white dutch reformed churches' as die grootste sondebok brandmerk. Hy kom tot die slotsom: 'This situation constitutes a *status confessionis*'. Apartheid word ongekwalifiseerd as ketterse afgodsdien verwerp. Boesak word as held vereer. By sy terugkoms verklaar die NG Sendingkerk ook 'n *status confessionis*.
- Die nagmaalboikot. Die vergadering in Ottawa is geopen met 'n gesamentlike nagmaal. Net voor die erediens begin, staan die Suid-Afrikaanse afvaardiging van die dogterkerke op en lees 'n verklaring voor dat hulle van die nagmaal onttrek uit protes teen die blanke afvaardiging van die NG Kerk. Altesaam 11 afgevaardigdes staan toe op en stap uit tot groot vreugde van die pers en televisie. Enkele dae later by Belhar word dieselfde taktiek gevolg. Die volgelinge van dr Boesak maak heftig beswaar teen die sittingsreg van blanke sendelinge op die vergadering. Dit ontwig die vergadering só dat hulle daardie hele dag glad nie kon konstitueer nie.
- Die Naudé-brief. Op 23 Augustus 1982 lees die sekretaris by Ottawa 'n brief van dr Beyers Naudé aan die vergadering voor. Hy pleit vir die 'liberation ... from the inhuman system of apartheid'. Hierdie brief het 'n groot invloed op die besluite by Ottawa en by Belhar.

- Oproep van lidkerke tot boikot-aksies. Lidkerke word openlik gevra om die NG Kerk te boikot.
- Direkte televisie-uitsending. Daar word met die internasionale televisie gereël om die verslag *Racism and South Africa* direk wêreldwyd uit te saai.
- Die verklaring van 'n *status confessionis* en skorsing van die NG Kerk en die Hervormde Kerk. Weereens volg Belhar dieselfde taktiek. Hulle kondig ook 'n *status confessionis* aan en verbreek hul bande met die NG Kerk. Hieruit volg die besluit om 'n nuwe belydenis op te stel.
- Dr Allan Boesak word as president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke verkies. Dieselfde patroon word weer gevolg in Belhar, maar met minder sukses. Die vergadering word vir 'n baie lang tyd ontwig deur besware van dr Boesak se volgelinge teen die verkose moderator, ds Mentor, en hul eie aandrang dat dr Boesak moderator moet wees.

Invloed van die bevrydingsteologie

Sleutelfigure in die Belhargeskiedenis was aanhangers van die bevrydingsteologie. Dr Boesak is 'n ondertekenaar van *The Kairos – Challenge to the Church*. Name soos AA Boesak, JF du Rand en DJ Smit verskyn as ondertekenaars van *The Road to Damascus – Kairos and Conversion*. Almal was nou betrokke by die ontstaan van Belhar. Belhar gebruik dieselfde begrippe wat in bogenoemde dokumente gebruik word. Hoekom sou hulle in Belhar dan skielik iets anders daarmee bedoel? Die Kairos-dokument sê: 'The conflict in South Africa is between the oppressor and the oppressed' en 'The god of the South African State is not merely an idol or false god, it is the devil disguised as Almighty God – the antichrist'. Wanneer 'n mens Belhar se omstrede uitspraak, dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is, teen hierdie agtergrond lees, kan geen gereformeerde die Belharbelydenis onderteken nie. Dit is verstaanbaar waarom Belhar begrippe soos

versoening, eenheid, ensovoorts nie met 'n Bybelse inhoud vul nie, maar met 'n horisontalistiese betekenis.

Vleeslike gesindheid en drukgroepe

Hieroor sal in die volgende artikel meer gesê word wanneer ons kyk na die bloedspoor van verdeeldheid wat Belhar oor 20 jaar nagelaat het. Ons volstaan voorlopig slegs met die woorde van 'n waardige kleurling-predikant aan die einde van die sinode van Belhar 1982. '... ek is met verslaentheid geslaan om in 'n vergadering van die kerk soveel liefdeloosheid en onverdraagsaamheid te kon waarneem ... Die gees en gesindheid wat hier openbaar is, het die kerk op 'n pad geplaas waarop ons die vrugte nog sal pluk ...' Ons sal in die volgende artikel wys hoe hierdie profetiese woorde waar geword het.

Slotsom

Die Belharbelydenis is nie in 'n teologiese- of geloofstryd gewortel nie, maar in 'n sosiale en politieke stryd. Sy ontstaansgeskiedenis wemel van vreemde invloede. Die Belydenis het nie gegroei uit 'n nederige omgang met die Skrif nie, maar uit 'n onverdraagsame invloed van drukgroepe. Die Belharbelydenis is in sonde ontvang en gebore. Dit voorspel nie goeie vrugte nie.

* Alle aanhalings en feite waarna in hierdie artikels verwys word kan gekontroleer word in die skrywer se boek: *Belhar: bely of bestry?*

Christus se gebed en gebod oor die eenheid van die kerk

Johannes 17:1-12

... dat almal een mag wees ... Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees'

Christus se uur het gekom (Johannes 17:1). Dit is die uur van sy kruisdood, oorgawe aan helse smart. Hy staan voor die poort van sy borgtogtelike sterwe. Hy tree – hoe kan dit anders? – die poort biddend in.

Sy gebedsaandag is gerig op alle uitverkorenes, almal wat die Vader in sy ewige raadsbesluit aan Hom gegee het (Johannes 17:2). Die lydende Kneg van die HERE, wat sy siel as 'n skuldoffer aanbied, hou sy geestelike nakroos voor oë (Jesaja 53:10).

Sy gebed omsluit almal wat die Vader aan Hom gegee het, die gestorwe gelowiges wat in die hemel is, die lewende lidmate van sy kerk op aarde in alle lande, van Adam af tot die laaste mensekind wat aan Hom behoort. Hierdie gebed omspan ruimte en tyd. Dit bly in die geskiedenis altyd aktueel.

Die onderdeel wat ons aandag vra, is die bede om eenheid. Die gebed dat almal een mag wees, is ook 'n gebod. Die Heiland bid: Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U aan My gegee het, saam met My sal wees. Vader, Ek wil. Ek bring my wil, my gebod, biddend voor u aangesig. My gebed om die eenheid van die kerk is ook my gebod.

Die eenheid wat die Here Jesus afsmeek en gebied, vorm aantrekkingskrag na buite.

Die wêreld merk dit sodanig op dat die uitverkorenes onder hulle aangetrek word en tot geloof kan kom (Johannes 17:21). Die eenheid van die kerk is dus sigbaar, aanwysbaar. Die gemeentes wat van Paulus en die verheerlikte Christus (Openbaring

2:1-3:22) briewe ontvang het, het 'n aardse adres gehad.

Dit gaan in die gebed van die Heiland nie alleen oor plaaslike eenheid van die gelowiges in 'n geïnstuteerde kerk nie, maar ook oor die eenheid van al die plaaslike gemeentes (Openbaring 2:12-20). Hulle moet kerkverbandelik 'n eenheid vorm en buite die landsgrense die kerke van Christus herken en erken.

Die kerk van die Here is nie onsigbaar, onaanwysbaar nie. Die kerk is wel sigbaar, maar ons kan die kerk wat orals 'n adres het, se omvang nie waarneem nie, nóg in die ruimte, nóg in die tyd.

Die vraag is wie dié 'almal' is vir wie Christus bid. Wie word by hulle ingesluit? Wie word uitgesluit? Die Here bid om die eenheid van almal wat deur die apostoliese Woord in Hom sal glo (Johannes 17:20). Dit bevat ook die Ou Testament waarop die apostels voortgebou het. Die Woord, die Skrif, is die waarheid (Johannes 17:17).

Die eenheid wat Christus gebied, is die eenheid in die waarheid. Die kerk van die Here aanvaar in alle lande en tye een en dieselfde geloofsinhoud (vergelyk Efesiërs 4:4-6). Die geloofseenheid vind sy neerslag in een geloofsbelydenis (Romeine 10:9-10). Gereformeerde kerke tipeer hulle belydenisskrifte dan ook tereg as Formuliere van *eenheid*.

Die kerk word gekenmerk deur sy volstreckte gerigtheid op die Woord. Dit en dit alleen word gepredik (NGB, artikel 29). Sy lewende lidmate ondersoek die Skrif, sowel persoonlik as gesamentlik. Die regverdige se behae is in die wet van die Here; hulle oordink sy wet dag en nag (Psalm 1:2). Die Woord is die genademiddel waardeur hulle die enigste waaragtige God leer ken en

Jesus Christus wat Hy gestuur het (Johannes 17:3).

Die Gees lei die uitverkorenes deur die Woord tot geloof, tot toeëiening van skuldvergewing, tot vernuwung van die lewe. Die Woord van God word al hoe meer ons rigsnoer, die lig op ons pad, op alle lewensterreine.

Die eenheid van die kerk kom ook uit in die bewaring van die Woord (Johannes 17:6) teen aanslae van binne en van buite. Gelowiges is een in toesig op mekaar (Hebreërs 3:12-14), een in onderlinge vermaning tot behoud (Galasiërs 6:1), een in tugoefening oor almal wat hulle verhard in afvallige leer (Titus 1:10-11; 3:9-11) en lewe (1 Korintiërs 5:1-6). Die kerk laat die ongelowige wêreld nie in sy midde toe nie.

Die kerk gaan ewemin in die antigoddelike wêreld op. Sy lidmate is, net soos sy Hoof, nie van die wêreld nie (Johannes 17:16). Die hemelse Vader wat sy volk liefhet, laat sy liefde in hulle wees (Johannes 17:26).

Dié liefde kies kant, stel die antitese. Die keuse is voor God en daarom teen alle oortuigings, ideologieë, in- en ontspanning wat Hom mishag. Lidmate van die kerk wat uit God gebore is, oorwin die wêreld deur die geloof (1 Johannes 5:4). Hulle beaam die Skrifwoord: Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, is die liefde van die Vader nie in hom nie (1 Johannes 2:15).

Christus se gebed en gebod oor die eenheid van die kerk wys die kerkpad vir elkeen wat glo. Die eenheid van die kerk word vergestalt in die

- eenheid in die aanvaarding van die Skrif, die Woord van God;
- eenheid in die belydenis ooreenkomstig die Woord;

- eenheid in tug oefening oor almal wat volhardend in leer en lewe van die Skrif en die belydenis afwyk;
- eenheid in die kerkorde waarin die kerke saam Christus as die Kerkhoof eerbiedig en sy Woord as gesaghebbend aanvaar;
- eenheid in liefde vir die HERE en sy

diens; en

- eenheid in afwysing van alles wat Hom mishaaig.

Almal is verplig om by dié kerk aan te sluit en hulle daarmee te verenig (NGB, artikel 28).

Waar dié eenheid bewaar word (Efesiërs 4:3) is die kerk die kurk

waarop die nasie dryf. As daar in Sodom en Gomorra 'n kerk van tien persone gevind was, sou die HERE ter wille van dié tien regverdige stede nie verwoes het nie (Genesis 18:32). O volk van Suid-Afrika, neem Christus se gebed en gebod oor die eenheid van die kerk ter harte. Tot behoud van 'n christelike nasie.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

'n Nuwe sinode

Op 12 Maart 2005 het die generale (nasionale) sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrijgemaakt – kortweg GKV) van wal gestee. Talle sake moet deur dié sinode hanteer word. In *Nader Bekeken* van Februarie 2005 gee dr HJCCJ Wilschut insae in enkele van die agenda-punte. Opmerklik is die ooreenkoms tussen vraagstukke waarmee in die GKSA geworstel word en dié wat in Nederland die kerklike lewe beheers.

Nuwe formuliere

Versoeke word gerig om 'n nuwe redaksie van die ondertekeningformulier vir ampsdraers (predikante, ouderlinge en diakens) te aanvaar. Die motief vir versoek is die mening dat daar 'n eietyds-geformuleerde bevestigings- en ondertekeningformulier goedgekeur moet word, wat taalkundig inslag by die lidmate sal vind. Daar is ook 'n ander motief. Daar word geoordeel dat die huidige formuliere te juridies en formeel is. Kan dieselfde sake nie in 'n meer positiewe gees gestel word nie? Die bedoeling is nie om die ampsdraers se binding aan die belydenis enigins te verswak nie, maar wel om formuliere meer toeganklik en hoorder-vriendelik te maak.

Dr Wilschut se kommentaar hierop (vry vertaal en samevattend weergegee):

Wat is ten diepste die beswaar teen die sogenaamde strak en juridiese formulering van die ondertekening-

formuliere? Dit klink inderdaad ernstig en streng wanneer daar in die formuliere gepraat word oor onderwerping aan die oordeel van die kerklike vergaderinge en oor skorsing in geval daar van die leer afgewyk word. Sulke erns en gestrengheid is gepas en noodsaaklik. Sodoende word die wag by die suiwer leer van God se Woord betrek. Tegelyk word daar sorgvuldig gewaak oor die vryheid van die gemeente, wat nie aan die persoonlike opinie van ampsdraers oorgelewer mag word nie. In 'n kerklike klimaat waarbinne daar stemme opgaan vir 'n andersoortige binding aan die belydenis, is die strengheid van die ondertekeningformulier beslis nodig. Die ondertekeningformulier raak die basis van ons kerklike samelewing. As daar verkeerdlik aan hierdie formuliere verander word, word die samelewing van die kerke onteenseglik ontwig.

Waar woorde. En noodsaaklik om ter harte te neem. Dit geld trouens nie alleen vir die wyse waarop die ondertekeningformuliere hanteer word nie, maar ook vir die nougesetheid waarmee katkisante met die oog op aflegging van openbare geloofsbelydenis ondervra word asook die erns waarmee die openlike verklaring by kerklike vergaderinge hanteer word. As die binding aan die belydenis – op watter wyse ook al – verswak word, is dit die begin van die einde van ware kerkwees. Gereformeerde-wees het alles te doen met die suiwer belydenis van Gods Woord. Daarby staan of val ons.

Nuwe gesange

Dit is 'n reeds bekende feit dat die GKV oor die verloop van jare 'n groeiende lieder-bundel in die erediens gebruik. Op 'n stadium was daar (net soos in die NG Kerk in Suid-Afrika) 'n Babelse verwarring oor wat uit die 'groen boek' die 'rooi boek' en die 'ou boek' gesing word. Die Sinode Zuidhorn van 2002 het 'n groot aantal nuwe gesange goedgekeur. In die proses van keuring is baie kritiek en kommer oor heelparty van die voorgestelde lieder uitgespreek (oorgeneem uit 'n rapport wat voor Sinode Zuidhorn 2002 gedien het):

- Algemene versoening en daarmee gepaardgaande heilshorizontalisme wat in die lieder besing word
- Onskriftuurlike, magiese herbelewing van sekere heilsfeite uit die verlede
- Propagering van die bevrydingsteologie
- Verdoeseling van die uitverkiesing, die verbond en lewe vanuit God se beloftes
- Weglaat, verdoesel of verswak van die geloofstryd
- Weglaat, verdoesel of verswak van die sonde, verbondsontrou en antiese
- Weglaat, verdoesel of verswak van versoening deur voldoening
- Onskriftuurlike magiese elemente in die gebruik van die sakramente
- Godsname wat nie in die Skrif voorkom nie
- Onderdele van die bepaalde Skrifgedeelte wat berym is, wat weggelaat is

- Mistieke taal of poësie

Nieteenstaande die kritiek is daar in 2002 'n groot getal gesange tot die liederebundel bygevoeg. By Sinode Amersfoort dien 'n rapport waarin gevra word vir die goedkeuring vir 'n verdere getal liederere (met 'n dikwels evangeliese, charismatiese inslag).

Dr Wilschut se kommentaar hierop (weereens vry vertaal en samevattend weergegee):

Ek kry die indruk dat die kerke sowel as die deputate wat met die keuring van gesange besig is, stadig maar seker in die see van gesange ondergaan. Die liederere uit die evangeliese kring stel die deputate voor besondere probleme. Geldende kriteria waaraan die kerklied getoets moet word, word in hierdie gevalle moeilik toepasbaar. 'n Groot deel van die liederere wat vir kerklike gebruik aanbeveel word, slaag nie die toets van die vasgestelde kriteria nie: nie inhoudelik nie, en ook nie musikaal nie. Ek meen dat daar

eerlik erken moet word dat hierdie soort liederere nie in 'n gereformeerde erediens pas nie. Ook al is daar 'n sekere getal lidmate wat van sulke liederere hou, mag dit nie die deur-slaggewende argument wees om sulke liederere vir kerklike gebruik goed te keur nie. Oor die getal liederere wat gekeur word vir gebruik in die erediens, moet daar eweneens besin word. Wanneer 'n mens die besluit van Sinode Zuidhorn 2002 - dat die sing van psalms prioriteit in die erediens moet geniet - ernstig opneem, wil dit vir party lidmate voorkom asof versadigingspunt met die getal gesange reeds lankal bereik is.

In die geleedere van die GKSA worstel ons met dieselfde vrae. Hoe word die kriteria toegepas, en wanneer word daar gesê: genoeg is genoeg? Sinode 2003 het tientalle addisionele skrifberymings goedgekeur. Daar is tegelyk vir studiedeputate 'n groen lig gegee om verdere ondersoek te doen oor die dogmatiese lied en voorlegging van nog meer skrifberymings. In 1859, met die (her)stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, was die kerklied een van die skerp punte in die debat. Minder as 150 jaar later blyk dit weer die geval te wees.

Nuwe Bybelvertaling

Die deputate Bybelvertaling stel voor dat die Nuwe Nederlandse Bybelvertaling (NBV) vir gebruik in eredienste 'vrygegee' kan word.

Dr Wilschut is van mening dat daar ten gunste van die NBV heelwat gesê kan word. Tog maan hy dat die Sinode nie al te gou 'n Bybelvertaling moet goedkeur, bloot omdat deputate dit aanbeveel nie. *Geen Bybelvertaling is bo kritiek verhef nie. Ook nie NBV nie. Daarmee wil ek nie die vertaling verdag maak nie. Dit is ook nie my bedoeling om die deeglike werk van die deputate te bevraagteken nie. Die kerke het egter 'n eie verantwoordelikheid. Oor sekere onderdele is daar vrae. Laat ons eers die vrae bespreek en daarvoor klarigheid kry, alvorens 'n definitiewe besluit geneem word. 'n Toetsingsperiode is nie oorbodig nie. Die Protestantse Kerk in Nederland het dit ingebou, so-ook die Christelike Gereformeerde Kerke. Intensiewe*

toetsing deur alle gemeentes kan slegs voordelig wees. Ek hoop van harte dat die sinode hierdie weg opgaan, voordat ons die NBV met huid en haar aanvaar. Dit gaan immers oor God se Woord!

Inderdaad, versigtigheid is die wagwoord. Wat keer die sinode om, as dit nodig blyk te wees, korreksies op sekere plekke aan te bring en dan 'n behoorlik gekeurde en goedgekeurde Bybel vir gebruik in die kerke aan te beveel? Dit geld trouens nie net vir die Bybel nie, maar ook vir die berymde Psalms. Wanneer dit gedoen word, is dit nie nodig om 'n Bybel en/of Psalmberyming (omdigting) by die kerke aan te beveel wat nie goedgekeur is nie.

Nuwe deputaatskap

Vanuit 'n partikuliere sinode is daar 'n versoek op die sinodetafel om 'n nuwe studiedeputaatskap oor die plek van die vrou in die kerk aan te wys. Verskeie ontwikkelinge in die Nederlandse kerke het tot dié versoek aanleiding gegee, onder andere die feit dat die Nederlands Gereformeerde Kerke (met wie die GKSA in korrespondensie is) die vrou tot die besondere amp toegelaat het.

Dr Wilschut merk op: *Dit sal my nie verbaas as agter die diskussie oor die vrou in die amp 'n ander diskussie op die voorgrond tree nie, naamlik die vraag: Hoe lees ons die Skrif? Die sogenaamde hermeneutiese kwessie, wat nie net in hierdie saak nie, maar in vele opsigte die basis vir uiteenlopende gesprekke word.*

Hiermee word die spyker op die kop geslaan. Dit het in Suid-Afrika al oor en oor duidelik geword. In *Die Kerkblad* van Desember 2003 het prof Floor dit by die naam genoem, toe die redakteur in 'n onderhoud vir hom gevra het waarom daar soveel spanning en meningsverskil in die kerke is. Prof Floor het geantwoord: *Prof Herman Ridderbos het jare gelede dié stelling gemaak: 'Jy kan alleen die amp oopstel vir die vrou as jy van 'n ander hermeneutiese model gebruik maak as wat altyd in gereformeerde kringe gegeld het.'*

Aan dié eenvoudige - maar nietemin tragiese - werklikheid kan niemand afbreuk doen nie.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031